

SARS LEWER R18 MILJARD INKOMSTESURPLUS

Tshwane, 12 November 2025 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) verwelkom die mediumtermynbegrotingbeleidsrede (MTBBR) wat vandag deur die minister van finansies, Enoch Godongwana, in die parlement ter tafel gelê is. Die minister het die 2025-begroting se netto belastinginkomsteskatting van R1 985.6 miljard na R2 005.3 miljard aangepas.

Kommissaris Edward Kieswetter het SARS se ondersteuning teenoor die minister se rede uitgespreek wat 'n duidelike en pragmatiese padkaart vir Suid-Afrika se fiskale volhoubaarheid uitlê. "Die MTBBR stel kragtige maatreëls uiteen om die land se ekonomiese uithouvermoë te versterk. SARS is daartoe verbind om hierdie doelwitte te ondersteun deur op robuuste inkomste-invordering, verbeterde nakoming en handelsfasilitering te fokus deur konsekwente inspanning, operasionele voortreflikheid, en innovasie," het Kieswetter gesê.

SARS het teen 30 September 2025 'n netto inkomste van R924.7 miljard ingevorder, uit bruto invorderings van R1 157,6 miljard en terugbetalings van R232,9 miljard. Dit dui op 'n jaar-tot-jaar-groei van R78,6 miljard en 'n algehele surplus van R18 miljard teenoor die gedrukte ramings, wat op 'n belowende trajek vir die tweede helfte van die finansiële jaar dui. Nagenoeg 50% van die beter-as-beraamde-prestering is uit nakomingsingrypings afkomstig.

SARS se nakomingsprogram bly resultate lewer. SARS het in dieselfde tydperk R131.6 miljard uit nakomingsaktiwiteite ingevorder, teenoor R122.6 miljard in die vorige jaar. Skuldinvorderings het R47.1 miljard bereik, 'n styging van R3.3 miljard (7.5%), wat SARS se bydra tot die nasionale fiskus versterk.

Kieswetter skryf SARS se prestasie toe aan die ywer van sy werknemers en nakomende belastingpligtiges. "Agter hierdie syfers staan die toegewyde SARS-werknemers wat daaglik miljoene klein takies uitvoer, en menige nakomende belastingpligtiges wie se bydraes hierdie sukses moontlik maak. Hulle toewyding help Suid-Afrika se fiskale vooruitsig versterk en momentum vir die toekoms bou. Hierdie resultate onderstreep SARS se doeltreffendheid met die invordering van inkomste en is positief vir die land se fiskale vooruitsig," het hy bygevoeg.

Voortbouend op hierdie momentum het inkomste-invordering veerkragtigheid getoon oor die hoofbelastingkategorieë heen. Invorderings uit maatskappye inkomstebelasting (MIB), LBS (werknemersbelasting), dividendbelasting, plaaslike BTW, algemene brandstofheffing (ingevoer), asook laer-as-geraamde BTW-terugbetalings, het konsekwent hoër as verwagtinge presteer, wat SARS se rol in die volhoubaarheid van fiskale stabiliteit versterk.

- **Maatskappye inkomstebelasting (MIB):** Jaar-tot-op-datum MIB-voorlopige belastingbetalings het R5 miljard beloop, wat groei van R14.2 miljard (9.5%) is en die gedrukte ramings met R4.7 miljard (3.0%) oorskry. Invorderings het 'n hupstoot gegee deur SARS wat paragraaf 19(3) ingespan het en sodoende 'n bykomende R10.0 miljard opgelewer het. Die mynbousektor ondervind steeds aansienlike uitdagings as gevolg van versagte kommoditeitspryse vir palladium, ystererts en steenkool. Hierdie prysskommeling beïnvloed die winsbaarheid van maatskappye, wat afwaartse druk op MIB-voorlopige belastingbetalings tot gevolg het.
- **LBS-invorderings** van R371.0 miljard het groei van R30.9 miljard (9.1%) teenoor die vorige jaar aangeteken en die gedrukte raming met R3.2 miljard (0.9%) oorskry. Die jaar-op-jaar groei is hoofsaaklik deur betalings van werkgewers in die finansiële- en gemeenskapsektore gedryf. Belastingvoorstellings wat tydens die 2025-begrotingsrede aangekondig is het geen inflasie-aanpassings aan die PIB-belastingkoerse en -kortings ingesluit nie; maatreëls wat na verwagting R16,7 miljard vir die volle jaar sal lewer. LBS-invorderings uit tweepot-onttrekkings is in die eerste helfte van die jaar op 'n totale bruto onttrekking van R18.2 miljard en belasbare bedrae ter waarde van R5.2 miljard gegrond.
- **Dividendbelastinginvorderings** het R22.3 miljard beloop, wat groei van R5.3 miljard (31.0%) teenoor die vorige jaar is en 'n surplus van R4.6 miljard (25.7%) teen die gedrukte ramings aangeteken het. Dit het 'n aansienlike eenmalige betaling van R1.4 miljard ingesluit, terwyl die hoofdrywers van hierdie groei die finansiële-, vervaardiging-, en groot- & kleinhandelsektore was.
- **Plaaslike BTW-invorderings** het R292.7 miljard beloop wat 'n jaar-op-jaar styging van R21.1 miljard (7.8%) verteenwoordig. Dit is hoofsaaklik gedryf deur

groei in die finansiële-, groot- & kleinhandel-, en vervaardigingsektore, gedeeltelik deur die vervoersektor verreken. Jaar-tot-op-datum plaaslike BTW-invorderings het die gedrukte ramings met R5.2 miljard (1.8%) oorskry.

- **Invoer-BTW** het aansienlik onderpresteer met R3.7 miljard as gevolg van laer groei in die waarde van invoere (1.2%), wat na verwagting met 5.4% oor die volle jaar sou groei.
- Laer-as-verwagte **BTW-terugbetalings** het R183.9 miljard beloop, of 'n effense styging van R0.2 miljard (0.1%) van die vorige jaar. Hierdie positiewe uitslag is die resultaat van die voortgesette fokus op SARS-ingrypings om ontoelaatbare en bedrieglike terugbetalingseise hok te slaan. Terugbetaling-risikobestuur het mees aansienlik bygedra tot die soliede verbetering in algehele BTW-inkomste.
- **Algemene brandstofheffinginvorderings** van R44.7 miljard is R2.1 miljard (5.0%) hoër as in die vorige jaar en het die gedrukte ramings met R2.3 miljard (5.3%) oorskry. Brandstofverklarings vir April tot September 2025 het 'n totale jaar-op-jaar netto groei van 2.1% (241.9 miljoen liter) in volume aangeteken. Verklarings van invoerders het met 133.1% (3 605.3 miljoen liter) gestyg en is gedeeltelik deur verklarings van plaaslike vervaardigers verreken, wat jaar-op-jaar met 39.0% (3 363.4 miljoen liter) gekrimp het.

Die surplusse op die bogenoemde belastingprodukte is gedeeltelik verreken deur laer-as-verwagte invorderings van PIB-voorlopigebelastings, PIB-aanslae en doeanebelastings; asook hoër-as-geraamde PIB-terugbetalings:

- Die 2025/26 gedrukte raming vir **PIB-voorlopigebelasting** is R51.5 miljard, met 'n volle-jaar geteikende groeikoers van 19.1% teenoor die vorige jaar. Jaar-tot-op-datum invorderings van R17.4 miljard het groei van R1.5 miljard (9.4%) teenoor die vorige jaar aangeteken en met R1.5 miljard (8.2%) aan die gedrukte ramings kortgekom.
- **PIB-invorderings** van R9.9 miljard het groei van R0.4 miljard (3.8%) teen die vorige jaar aangeteken en R1.1 miljard (9.7%) kortgekom. Die groei is hoofsaaklik deur die gemeenskapsektor gedryf en gedeeltelik met 'n krimp in die mynbousektor verreken.

- Die 2025/26 gedrukte ramings vir volle-jaar **doeanehandelsbelasting** is R360.6 miljard, wat 'n jaar-op-jaar-groei van 5,5% vereis. Teen 30 September 2025 het invorderings R156,7 miljard beloop, wat 'n laer-as-verwagte groei van R5,0 miljard (3,3%) verteenwoordig, hoofsaaklik deur invoer-BTW van R2,7 miljard (2,3%) en doeaneregte van R2,3 miljard (7,2%) gedryf. Jaar-tot-op-datum-invorderings het 'n tekort van R3,4 miljard (-2,1%) teenoor gedrukte raming getoon, hoofsaaklik as gevolg van 'n tekort in invoer-BTW wat gedeeltelik deur 'n surplus in invorderings van doeaneregte-skuld verreken is.
- **PIB-terugbetalings** van R32.2 miljard het groei van R4.5 miljard (16.2%) teen die vorige jaar aangeteken en die gedrukte ramings met R1.4 miljard (4.4%) oorskry.
- 7.3 miljoen in **PIB-opgawes** is ontvang (vergeleke 6.6 miljoen dieselfde tyd in die vorige jaar). Hiervan is 5.7 miljoen opgawes outomaties aangeslaan, vergeleke 4.8 miljoen in die vorige jaar. 4.6 miljoen opgawes het tot krediet-aanslae gelei met 'n totaal van R31.2 miljard, wat gelykstaande is aan die vorige jaar in volume, maar met 'n R1.9 miljard styging in waarde.

Kommissaris Kieswetter het SARS se verbinding herbevestig om 'n slim, moderne instansie te bou wat in integriteit en vertroue geanker is. "Ons rol behels nie net inkomste-invordering nie; ons bevorder nasionale fiskale doelwitte terwyl ons aanhoudende uitdagings, soos skuld, werkloosheid en ongelykheid in die gesig staar. Met die regering wat op belastinginkomste van nagenoeg 90% van besteding staatmaak, is sterk plaaslike hulpbronmobilisering noodsaaklik om fiskale integriteit te beveilig en om staatmaking op eksterne befondsing te verminder".

Om hierdie winste met die 2025-begroting te bespoedig, het Minister Godongwana 'n bykomende R7.5 miljard aan SARS oor die mediumtermynbestedingsraamwerk (2025/2026; 2026/2027; 2027/2028) toegeken.

SARS doen baanbrekerswerk met belastingadministrasie 3.0, 'n moderniseringstrategie wat fokus op die ontwikkeling van 'n slim, digitaal-geïntegreerde platform wat deur gevorderde datakunde bevorder word. Hierdie benadering behels agt generasieprojekte:

- Vaardigheidsontwikkeling van werknemers om relevant te bly in 'n toekomstige werksomgewing in 'n era van kunsmatige intelligensie.
- Vasstelling van 'n unieke digitale identiteitstelsel om die integriteit en gemak van verifiëring te verbeter.
- Ontwikkeling van 'n omvattende belastingpligtige-rekeningportaal wat werknemers in staat stel om belastingpligtiges beter te bedien.
- Modernisering van 'n saakbestuursplatform, wat meer intelligent is en in datakunde en kunsmatige intelligensie gewortel is.
- Bewerkstelling van 'n entiteitsgebaseerde nakomingsmodel in die platform om 'n verskuiwing te bewerkstellig van 'n reaktiewe, verklaringgebaseerde risikoprofiel na 'n intydse proaktiewe risikoprofiel.
- Ontwikkeling van 'n onmiddellike betaalstelsel (in samewerking met die Suid-Afrikaanse Reserwe Bank) om betalingsintegriteit te verhoog deur verhoogde finansiële insluiting en die gebruik van kontant te verminder.
- Modernisering van die end-tot-end administrasie van BTW.
- Modernisering van die fisiese en tegnologiese doeane- en aksynsadministrasie-infrastruktuur.

Die onwettige ekonomie het in Suid-Afrika toegeneem. In 1994 is geskat dat die onwettige ekonomie nagenoeg 4% van die land se BBP beslaan. Hierdie syfer word nou deur verskeie studies beraam om teen 'n verbysterende syfer van 10% - 15% van BBP in 2024 te gegroei het. Dit is 'n onaanvaarbare hoë vlak in ons nasionale ekonomie en moet met vinnige en vasberade pogings aangepak word om die impak om te keer. Die onwettige aktiwiteite in tabak en sigarette, alkohol, brandstof en brandstofvermenging, namaking, onwettige mynbou, en die smokkel van goud en ander minerale is 'n sterk uitdrukking van hierdie fenomeen.

SARS sal voortdurend werk om valuasiebedrog te elimineer en om onverklaarde rykdom te identifiseer terwyl hulle die informele ekonomie in die breër belastingraamwerk integreer. Die organisasie bly verbind daartoe om 'n balans te bewerkstellig tussen diensuitnemendheid, beskerming van belastingpligtige-regte en verantwoordelike wetstoepassing waar nodig. Die sukses van ons land hang af van ons pogings om die kastyding van die onwettige ekonomie beslissend te hanteer. Laat

daar gesê word dat ons hierdie kastyding wat ons ekonomie aftrek voortdurend beveg het en altyd sal bly beveg.

Kommissaris Kieswetter het sy opregte dankbaarheid uitgespreek teenoor SARS se 14 000 werknemers vir hul onwrikbare toewyding en professionaliteit. Hy het gesê dat: "Die werk wat ons as SARS doen het 'n transformerende impak op die mees kwesbare in ons samelewing en dit vervul ons toewyding aan die hoër doelwit wat ons dien". Hy het ook die belastingpligtiges en ander belanghebbendes bedank vir hul bydra om ons land sy onderneming aan al sy burgers te help behaal.

Vir meer inligting, kontak ons by SARSMedia@sars.gov.za.